# NATURE'S VALLEY

CONSERVANCY / ULONDOLOZO / BEWAREA



## Só leef mense in harmonie met die natuur

'n Dinamiese, proaktiewe gemeenskap wat bewustelik daarna streef om ter wille van die natuur-lewe, huiseienaars, besoekers en toekomstige geslagte die impak van verstedeliking te beperk en Nature's Valley as 'n verlengstuk van die Tuinroete- Nasionale Park te bevorder

Nature's Valley Ratepayers' Association Belastingbetalersvereniging

NATURES VALLEY SRA

NVT In support of conservation

CapeNature

South African NATIONAL PARKS

# Inhoud


| | |
|---|---|
| Ter agtergrond/  Die Nature's Valley-scenario | 1 |
| Doelwitte / Vooruitsigte en verwagtinge | 2 |
| Sit daad by die woord vandag! | 3 |
| Aankweek van 'n eko-bewuste leefstyl | 4 |
| Ontwerp huise wat knus pas eerder as skel afsteek | 5 |
| Sorg dat jou huis se voetspoor netjies pas | 6 |
| Omhein, of liewer nie? | 7 |
| Verhelder of demp? | 8 |
| Wees slaggereed vir kwesbare watersituasie | 9 |
| Belet lasposte omgewingsvriendelik dog ferm die huis | 12 |
| Wie om jou na te wend vir inheemse inspirasie | 16 |
| Wees 'n verantwoordelike troeteldiereienaar | 17 |






# Ter agtergrond

Baie jare gelede het Charles Darwin opgemerk: "It is the long history of humankind (and animal kind, too) that those who learned to collaborate and improvise most effectively have prevailed."

Deesdae is dit algemene praktyk vir grondeienaars met 'n gevestigde belang in die bewaring van die inherente integriteit van hul eiendomme om 'n vrywillige ooreenkoms met aangrensende eienaars te sluit om gesamentlik hul natuurlike hulpbronne op 'n wyse te bestuur wat so omgewingsvolhoubaar as moontlik is.

Wanneer só 'n ooreenkoms aangegaan word, het dit die daarstelling van 'n formele struktuur bekend as 'n "bewarea" tot gevolg wat as sodanig by die betrokke bewaringsowerheid geregistreer word.

'n Geregistreerde bewarea het heelwat meer gesag as 'n individuele eienaar aangesien dit die verenigde stem van 'n gemeenskap verteenwoordig wat, gesamentlik, hul bereidwilligheid verklaar het om deel te neem aan en by te dra tot die bewaring van juis dit wat hulle so na aan die hart lê.

Oral langs die Tuinroete is daar bewareas wat al vir jare lank bestaan (bv. die Southern Crags-bewarea, die Noetzie-bewarea, die Sedgefieldeiland-bewarea en die Groot Brak-bewarea, om maar 'n paar te noem).

Elkeen geniet verteenwoordiging op die Tuinroete-bewareaforum, 'n forum wat vele geleenthede bied om te baat by die ondersteuning wat deur die eksperte (d.w.s. CapeNature) aangebied word en om uit ander se ervaring te leer.

# Die Nature's Valley-scenario

Onteenseglik is daar 'n groot vraag na eiendom in en om die vallei en is toenemende ontwikkeling onafwendbaar.

Diegene wat juis lief geword het vir Nature's Valley omdat dit so 'n unieke "kop-pelvlak" tussen mens en natuur is, sal begryp dat stygende druk as gevolg van mense se ongekontroleerde doen en late niks goeds vir die vallei se delikate balans inhou nie.

Ja, hoe hoër die populasiesyfer, hoe meer die besoedelende stowwe. Dit is 'n gegewe.

In hierdie geval is die grootste bron van kommer egter daardie "verborge" impakte wat 'n toename in menslike aktiwiteit in alle waarskynlikheid gaan hê op daardie dierasies waarmee ons tot hede toe in relatiewe harmonie naas mekaar kon bestaan.

Dink 'n bietjie na oor die impak wat die geraas en verblindende ligte gaan hê op daardie dierasies wat snags jag.

Dink dan ook 'n bietjie na oor die bedreiging wat formele, omheinde tuine inhou: Sulke tuine verhoed nie net dat wilde diere hul natuurlike korridors kan benut nie, maar verhoog ook die waarskynlikheid dat uitheemse plantspesies ter verfraaiing in sulke tuine aangeplant sal word – spesies wat 'n groot bedreiging kan inhou vir die voortbestaan van daardie "peuselhappies" wat voëls, akkedisse en paddas tog so aanloklik

# Doelwitte

Die hoofdoelwit hier is om 'n unieke stedelike area te skep wat 'n ekologiesfunksionele komponent van die Tuinroete- Nasionale Park is waar voorrang verleen word aan die beskerming en bestuur van natuurlike en oopruimtes in die besonder en waar diegene wat hulle steun hiervoor verleen, bereid is om na die beste van hul vermoë die impak wat menslike aktiwiteit op die natuur in die algemeen het, te versag.

Hierdie doelwit kan slegs vermag word as ons daarin slaag om 'n dinamiese, bewaringsgeoriënteerde gemeenskap op die been te bring met proaktiewe lede wat, hetsy individueel of gesamentlik, bereid is om hul kant te bring sodat gesonde, veerkragtige ekosisteme gehandhaaf kan word.

# Vooruitsigte en verwagtinge

Wat hier in die vooruitsig gestel word, is dat waar die vallei se unieke sin van plek baie mense na aan die hart lê, daardie mense in 'n baie beter posisie sal wees om beswaar aan te teken teen onvanpaste ontwikkelings en praktyke.

Uiteraard, as almal hul kragte saamsnoer om die ware wese van Nature's Valley te behou, sal dit ook grotendeels daartoe bydra dat nie net bestaande oopruimtes behoue bly nie maar ook die korridors wat deur ons agterplase loop en die skuilplekke wat ons so gulhartig in ons tuine tot die natuurlewe se beskikking stel.

- Ten eerste is die verwagting dat diegene wat kies om hul steun aan die bewarea te verleen, hul allerbeste sal doen om die riglyne vir 'n eko-bewuste leefstyl, soos vervat in hierdie boekie, onder die knie te kry. Hulle moet ook hul gaste, huurders en bure aanmoedig om hul voorbeeld te volg.
- Ten tweede moet hulle te vinde wees vir 'n kultuur waarbinne kennis vrylik tussen eendersdenkende individue en naburige gemeenskappe uitgeruil word.
- Ten derde moet hulle bereid wees om hul volle ondersteuning te bied aan gesaghebbendes soos SANParke, CapeNature, die Bitou-munisipaliteit en die NVBV/SAG wanneer en waar ook al hul samewerking benodig word.
- En, ten laaste, moet hulle instem om altyd ag te slaan op die regte wat individuele grondeienaars regtens toekom.



# Sit daad by die woord vandag!

Dit is dalk nou die aangewese tyd om daarop te wys dat individuele grondeienaars se besluit om hul steun aan die bewarea te verleen, geheel en al vrywillig is en dat om aan te sluit, niks kos nie.

As 'n organisasie sonder winsbejag verwelkom die NVT natuurlike enige donasies wat kan help om sy projekte te befonds, maar daardie besluit berus uitsluitlik by jou.

As jy besluit om jou steun amptelik aan die bewarea te verleen, sal jou lidmaatskap jou geregtig maak op:

- Gereelde opdaterings via 'n medium van jou keuse
- 'n Bewarea-plaatjie wat jy met trots op jou eiendom kan vertoon
- Uitnodigings na eksklusiewe geleenthede
- Toegang tot eksklusiewe konsultasies met die kundiges

Op die koop toe, wanneer jy jou steun amptelik verleen, sal ons jou help om 'n oudit uit te voer sodat jy kan bepaal tot watter mate jou huishouding en eiendom aan bewarings-georiënteerde beste praktyke voldoen.

Die eindresultate van hierdie oudit is 'n goeie aanduiding van waar 'n paar aanpassings dalk gemaak moet word om te verseker dat jy, en diegene wat op jou eiendom woon of daar besoek aflê, inderwaarheid julle allerbeste doen om die riglyne vir 'n eko-bewuste leefstyl na te volg.

Boonop het lede die opsie om aktief betrokke te raak by enige van die projekte wat deurlopend in die bewarea onderneem word, soos om bosbokke se bewegings te moniteer; die uitbreiding van natuurlike korridors te ondersoek; en om indringerspesies uit te roei.

Natuurlik is almal met 'n besonderse belangstelling in botanie welkom om aan te sluit by een van ons ekskursies om spesies te identifiseer of om deel te neem aan ope-tuindae.

Kortom, as 'n lid sal jy die geleentheid gegun word om aktief betrokke te raak by die werklike bestuur van Nature's Valley's se natuurlike omgewing.

Om aan te sluit, bel one bewarea bestuurder by +27 (0) 44 531 6820 of stuur 'n -pos na info@nvt.org.za. So nie, loer sommer by die NVT se kantore in dan bespreek ons die aangeleentheid oor 'n lekker koppie koffie.

*Indien jy daarin belang sou stel om enige van ons werksaamhede in die algemeen of 'n spesifieke projek in die besonder finansieel te ondersteun, bespreek asseblief die aangeleentheid persoonlik met Giorgio. Neem ook asseblief kennis dat die NVT enige vorm van hulp (hetsy vaardighede of kundigheid) verwelkom. Gesels dus gerus met ons.*



# Aankweek van 'n eko-bewuste leefstyl



Die riglyne wat hierna volg, het ten doel om grondeienaars, inwoners en besoekers te help om ingeligte, omgewingsvolhoubare keuses te maak ter wille van die minimalisering van die impak wat menslike aktiwiteit het op dit wat hulle in die eerste plak na Nature's Valley gelok het: die rustige naasbestaan van mens en dier.

As die vallei as 'n verlengstuk van die Tuinroete- Nasionale Park vir toekomstige geslagte behoue moet bly, moet almal wat hier bly (hetsy op 'n permanente of tydelike basis), bedag wees op die vallei se unieke sin van plek.

Alvorens ons in fyner detail kyk na hoe mens 'n eko-bewuste leefstyl kan aankweek, is dit belangrik dat ons eers 'n bietjie oor die konteks gesels:

- Nature's Valley val binne die Kaapse Floraryk, 'n streek wat maar net 7% van Suid-Afrika se landmassa dek maar die tuiste is van bykans negeduisend plantspesies waarvan 69% nêrens elders in die wêreld voorkom nie. Van daardie spesies word 20% bedreig.
- Op die koop toe, lê die dorpie knus midde-in 'n suidelike Afro-gematigde woud – woude wat so skaars is dat selfs al sou hulle almal saamgesnoer word, hulle minder as 0,25% van suidelike Afrika se aardoppervlakte sal dek.

Kortom, ons het hier te kampe met twee seldsame biome: 'n floraryk aan die een kant en die kleinste bioom op die subkontinent aan die ander.

Dit spreek vanself dat beide biome bevolk word deur 'n hele boel seldsame insekte, voëls en soogdiere (groot en klein) wie se werk dit nie net is om sade te versprei nie, maar ook om daardie prosesse aan die gang te hou waarsonder suksesvolle voortplanting haas onmoontlik is.

Dus, as ons dit eens is dat Nature's Valley's se unieke sin van plek behoue moet bly, rus die onus op almal van ons om ons uiterste bes te doen om nie die vallei aan indringerplante bloot te stel nie en om ons allerbeste te doen om nie die kom en gaan te belemmer van daardie dierasies wat so onontbeerlik vir die handhawing van die vallei se delikate ekosisteme is of hulle in gevaar te stel nie.

**ALGEMENE/OORKOEPELENDE QR-KODES**

NVT

NVRA

NVT Resources

NVRA Building Regulations

# Ontwerp huise wat knus pas eerder as skel afsteek

Ter wille van die behoud van Nature's Valley se unieke sin van plek is dit belangrik dat woonhuise só ontwerp en gebou word dat hulle as't ware wegsmelt in die natuurlike omgewing eerder as om in skrille kontras uit te staan.

Kortom gestel, 'n meer genuanseerde benadering behoort gevolg te word sodat 'n woning se argitektuur 'n weerspieëling is van die unieke eienskappe van die landskap waardeur dit omring word.

Tog, ongeag hoe belangrik dit mag wees om 'n huis te ontwerp wat "natuurvriendelik" is, is dit net so belangrik om die gerief van diegene wat daardie huis gaan bewoon, in ag te neem.

Om daardie wisselvallige balans te vind tussen wat goed is vir die natuur en wat mense wil hê en daardie balans te handhaaf, kan soms nogal problematies wees.

Moet egter nooit uit die oog verloor dat om 'n huis te bou wat van 'n sterk band met die natuur getuig in alle waarskynlikheid 'n hele boedel kosbare herinneringe aan Nature's Valley tot gevolg sal hê: herinneringe wat, hopelik, op die lange duur geslag na geslag sal motiveer om aan te hou om voorspraak te maak vir die behoud van Nature's Valley en al daardie dinge wat hulle so na aan die hart lê.

Let ook daarop dat benewens voldoening aan die bouregulasies soos uitgevaardig deur die Bitou-munisipaliteit, moet die nodige permitte bekom word voordat bouwerk vir 'n nuwe huis of die opknapping van/aanbouings aan 'n bestaande een 'n aanvang kan neem.

Dit is omdat die residensiële gebied in Nature's Valley binne 'n geproklameerde sensitiewe kusgebied val wat beteken dat dit onwettig is om selfs die plantegroei terug te snoei tensy toestemming daarvoor verleen is.

naturesvalleytrust.co.za



# Sorg dat jou huis se voetspoor netjies pas

Gegewe die konteks en die behoefte om Nature's Valley's se unieke sin van plek te behou, is daar 'n paar aspekte waaroor daar dalk mooi nagedink moet word wanneer 'n nuwe huis beplan of daar beoog word om 'n bestaande een te verbou of op te knap.

# OMHEIN, OF LIEWER NIE?

Ter behoud van die vallei se delikate ekosisteme moet residensiële eiendomme beskou word as 'n verlengstuk van die nasionale park waar "reg van weg" verkieslik aan die natuurlewe verleen word.

Al te dikwels word wilde gediertes die slagoffers van tref-en-trap-ongelukke of kom hulle aan 'n grusame einde bloot omdat hulle uit gewoonte dieselfde korridor gevolg het – 'n korridor wat uit die bloute versper word deur 'n hindernis wat goedsmoeds opgerig is sonder om 'n oomblik na te dink oor watter impak dit gaan hê.

Uiteraard het eienaars die volste reg om hul eiendomme af te baken. Insgelyks het hulle die volste reg om hul geliefdes en besittings teen onwelkome oortreders te beveilig.

Wat ook al die geval mag wees, dink asseblief mooi voordat jy jou eiendom omhein: Is dit regtig nodig en, indien wel, hoekom? Is dit omdat jy wil verhoed dat iets toegang verkry of omdat jy wil verhoed dat iets ontsnap? Of is dit bloot omdat jy jou eie persoonlike grense wil af baken?

As omheining onafwendbaar is, oorweeg die volgende omgewingsvriendelike, estetiesgepaste opsies:

**OM AF TE BAKEN**


- Kweek 'n heining deur gepaste inheemse struike te plant
- Gebruik houtstompe/klippe om grense aan te toon of
- Span 'n tou tussen 'n paar paaltjies

**OM BINNE TE HOU**

- Om 'n veilige spasie vir kinders (of troeteldiere) te skep, oorweeg dit om slegs 'n gedeelte van jou erf te omhein

**OM BUITE TE HOU**

- As die bedoeling regtig is om jou eiendom te beskerm teen enige oortreders wat 'n gevaar vir jou geliefdes kan inhou, moet asseblief nie 'n dodelike strik vir soogdiere stel deur van onvanpaste materiale soos maasdraad of doringdraad gebruik te maak nie
- Oorweeg dit om eerder 'n tralie-, riet- of selfs 'n kloofpaalheining op te rig
- Let ook daarop dat die oprigting van 'n elektriese heining as 'n versperring om vanselfsprekende redes geensins as 'n alternatief oorweeg moet word nie.







# VERHELDER OF DEMP?

Nog 'n aspek waaroor mooi nagedink moet word wanneer jy jou huis beplan, is beligting. Aangesien beide plante en diere hulle op die aarde se nag-en-dag-siklusse verlaat, moet buitemuurse beligting verkieslik so sag as moontlik wees.

Lig fragmenteer habitatte, met die gevolg dat baie diere dit nie sal waag om in 'n ligkol te vreet of selfs daardeur te beweeg nie uit vrees dat dit hulle aan predatore sal blootstel.

Ongelukkig geld presies die teenoorgestelde vir sekere gediertetjies soos insekte, motte en paddas wat ligkolle onweerstaanbaar vind en juis daarom die prooi van ander gediertes word.

Die oplossing is eenvoudig: Installeer natuurlewe-vriendelike beligting en maak seker om die gordyne en blinders dig toe te maak wanneer die ligte binne die huis aangeskakel word.

Met betrekking tot buitemuurse beligting, doen asseblief jou bes om die volgende beginsels na te volg:

- Beperk buiteligte tot die absolute minimum.
- Wanneer hulle nie gebruik word nie, skakel buiteligte af en moenie sensors installeer wat deur beweging geaktiveer word nie omdat nagdiere hulle waarskynlik sal laat afgaan.
- Alle buiteligte moet buite direkte sig so na as moontlik aan die grond geïnstalleer word en gestel word om afwaarts te skyn.
- Installeer gloeilampe met 'n warm skynsel (amber, oranje of rooi) met 'n kleurtemperatuur van nie meer as 3 000 K nie, 'n gloeitemperatuur wat laer as 25 of 4 LED-watt is, en 'n liggolflengte van 560 m of langer het.







# WEES SLAGGEREED VIR KWESBARE WATERSITUASIE

Nature's Valley het 'n enkele waterbron: die Grootrivier. Water wat uit die rivier onttrek word, word gesuiwer deur slegs osoon (d.w.s. verrykte suurstof) by te voeg. Geen chemikalieë word bygevoeg nie.

Vir die grootste deel van die jaar, draf die suiweringsaanleg teen 10% van sy kapasiteit, maar moet gedurende die vakansieseisoen 'n 100%-vraag kan baasraak. As 'n bedryfshaakplekkie sou opduik, bestaan die moontlikheid dus dat Nature's Valley op 'n kritieke tydstip hoog en droog gelaat kan word tot tyd en wyl die probleem uitgesorteer is.

Natuurlik moet water heeljaarlank spaarsaam gebruik word, maar dit is raadsaam om 'n paar voorsorgmaatreëls te tref en om seker te maak dat almal in die huishouding verstaan presies hóé kosbaar water is.

**INSTALLEER 'N REËNWATERTENK**

- Om 'n tenk op te sit wat reënwater kan vang, sal jou ten minste die gemoedsrus gee dat jou huishouding toegang tot 'n bron van drinkbare water sal hê, maak nie saak wat gebeur nie.
- Kontrakteer 'n gekwalifiseerde loodgieter wat kan sertifiseer dat die basis en opgaringstenk, sowel as die pype, krane en pomp (indien benodig) aan munisipale spesifikasies voldoen.

**BEDINK 'N STELSEL OM GRYSWATER VIR HERGEBRUIK OP TE VANG**

- Selfs al is water wat vir persoonlike higiëne gebruik is of om klere mee te was (sogenaamde gryswater), nie geskik vir menslike verbruik nie, kan dit nogtans handig te pas kom wanneer mens die motor wil was of 'n buitemuur of die plaveisel wil afspuit.
- Mits die huishouding hulle daartoe verbind om glad nie enige skadelike chemikalieë te gebruik nie, kan dit selfs gebruik word om die tuin nat te lei.
- 'n Gryswateropgaartenk sal tipies met 'n pomp toegerus word om te verhoed dat die water stagneer.
- Soos in die geval reënwatertenks, maak seker dat jy 'n gesertifiseerde installeerder raadpleeg wat jou sal kan adviseer oor die beste manier om gryswater op jou eiendom te versamel en te benut.



**BESPAAR WATER EN KRAG DEUR DIE REGTE KONTREPSIES TE INSTALLEER**

- Deur bloot mengkrane in kombinasie met 'n vloeireduseerder te installeer, kan water- en kragverbruik met soveel as 50% verlaag word.
- Oorweeg beslis ook die voordele wat die installering van tweevoudige spoeltoilette kan inhou.
- As laasgenoemde nie moontlik is nie, kan tussen 2,5 en 3,5 liter per spoel bespaar word deur gebruik te maak van die sogenaamde Hippo-sak om die hoeveelheid water wat in en uit die toilet se spoelbak vloei, in toom te hou.

**VERHOED STORTINGS & BESMETTING TEN ALLE KOSTE**

In Suid-Afrika kan slegs 'n handjievol riviere se ekosisteme as bykans ongeskonde beskou word. Die Grootrivier is een van hulle. In Nature's Valley is die handhawing van hierdie rivier se ekologiese status om vanselfsprekende redes allerbelangrik.

Sou rioolvuil "per ongeluk" in die strandmeer stort of in die grondwater lek, sal die gesondheid van diegene wat van die rivier as 'n bron van drinkbare water afhanklik is, erg in gevaar gestel word.

Eweneens kan die akkumulatiewe effek van die gewoonte om enige vorm van chemikalieë (hetsy plaagdoders, onkruiddoders of doodgewone huishoudelike skoonmaakmiddels) wat nie omgewingsvriendelik is nie, goedsmoeds weg te spoel daartoe lei dat die rivier tot só 'n mate besmet word dat dit 'n erge bedreiging vir die voortbestaan van visspesies soos die witsteenbras, witstompneus en leervis inhou.

Moet ook nooit uit die oog verloor dat 'n skouspelagtige verskeidenheid watervoëls juis hierdie strandmeer as 'n kritieke "stilhouplek" op hul migrasieroetes geoormerk het nie. Ongetwyfeld moet tragedies soos die storting van rioolvuil en chemiese besmetting ten alle koste vermy word.



Waterwise

WWF
Waterwise

**KIES EN BESTUUR RIOOL-/SEPTIESE TENKS MET GROOT SORG**

- Hierdie is die uitsondering op die reël: Hoe groter hoe beter. Maak seker dat jy 'n tenk installeer wat groot genoeg is om aan jou huishouding se behoeftes te voldoen wanneer jou huis van hoek tot kant oor druktye beset word.
- Hou altyd 'n ogie op jou riooltenk se vlak, veral tydens die vakansieseisoen.
- Hou in gedagte dat "honey suckers" 48 uur vooruit bespreek en voor betaal moet word. Maak dus seker dat jy joune betyds bespreek om enige stortings te vermy, en om te verhoed dat jou huisgaste 'n uiters onaangename petalje moet beleef bloot omdat jy nie die nodige voorsorg getref het nie.
- Moet nooit enigiets anders as omgewingsvriendelike produkte gebruik om jou tenk in 'n goeie werkende toestand te hou nie.
- Voorts, moenie nalaat om gereeld 'n kundige se hulp in te roep om seker te maak dat jou tenk waterdig en veilig is nie. Versuim om dit doen, kan jou duur te staan kom.

**Hulp nodig om te sorg dat jou huis se voetspoor netjies pas?**
Hier volg 'n paar handige skakels na bronne wat dalk insiggewend of van hulp kan wees.

Natuurlik is jy baie welkom om enige tyd by die NVT se kantore om hulp of raad aan te klop. Jy kan ook om bewarea bestuurder by +27 (0) 44 531 6820 bel of 'n e-pos stuur na info@nvt.org.za. Ons help graag.





# Belet lasposte omgewingsvriendelik dog ferm die huis

Alhoewel wonings ontwerp moet word om nie die kom en gaan van wilde diere te belemmer nie, moet jy nogtans sorg dat die nodige voorsorgmaatreëls getref word om te verhoed dat jou huis in 'n gerieflike "kitskosrestaurant" vir sogenaamde probleemdiere ontaard.

Ongelukkig het sekere outjies soos bobbejane en apies – selfs bosbokke en bosvarke – ontdek dat "menslike aktiwiteit" dikwels die belofte van geriefliktoeganklike bronne van kos inhou.

Gevolglik is daar die risiko dat baie van hulle geheel en al afhanklik kan raak van die "snoepgoed" wat hulle uit asblikke aas en die gewoonte kan aanleer om strooptogte op soek na kos uit te voer eerder as om 'n allerbelangrike rol in die natuur te vervul waar hulle snuffelvreetgedrag noodsaaklik is om ekosisteme aan die gang te hou.

Die hartseersaak is ook dat menslike diëte uiters skadelik vir wilde diere se gesondheid is en haarverlies en tandbederf tot gevolg kan hê sowel as gewigs- en cholesterolprobleme kan veroorsaak.

Om in bewoonde gebiede na kos te gaan soek, verhoog ook die risiko dat diere doodgery en deur honde aangeval word of selfs op geskiet word.

Op die koop toe, selfs al is bobbejane in die reël nie aggressief nie, kan 'n vasgekeerde of beangste bobbejaan uiters gevaarlik word en veral 'n bedreiging vir peuters en troeteldiere inhou. Dit is dus beslis in almal se beste belang om vullisvreters te ontmoedig.



# HOU BY DIE REËLS EN REGULASIES VIR AFVALBESTUUR: HULLE IS DAAR OM 'N REDE

**BEVEILIG "NAT" AFVAL**

- Huishoudelike afval wat nie herwin of herbruik kan word nie, moet mee weggedoen word in bobbejaanbestande vullisdromme.
- Alle vullissakke moet binne-in die drom gesit word en onder geen omstandighede bo-op of langs die drom gelaat word nie, selfs nie eens op vullisverwyderingsdag nie.
- Indien nodig, skaf 'n tweede drom aan of maak gebruik van die vullisoorlaaistasie om van oortollige sakke ontslae te raak.

**BEPERK AFVAL WAT VIR VULLISTERREINE BESTEM IS TOT DIE ABSOLUTE MINIMUM**

- Raak ontslae van herwinbare items soos glas, karton, papier, plastiek en blikkies deur hulle by die herwinningsfasiliteit af te laai.
- As jy van voorneme is kompos van organiese afval te maak, sou die beste opsie wees om die hulp van 'n vallei-gebaseerde organisasie genaamd The Cyclical Collective in te roep om te verhoed dat wilde diere na die komposhoop op jou werf gelok word.
- Lywige items, tuinafval, e-afval en dierkarkasse moet mee weggedoen word by die Kwa-nokuthula-oorlaaistasie.

**WEES VOORSKRIFTELIK TUIS**

- Maak seker dat almal in jou huishouding (hetsy familie, vriende, besoekers of huurders) bewus is van en hou by die reëls en regulasies met betrekking tot afvalbestuur en die bestuur van probleemdiere.

**Die moets en moenies**

- Alle vullissakke moet binne-in die bobbejaanbestande drom gesit word.
- Sakke wat nie in die drom pas nie, moet afgelaai word by die oorlaaistasie.
- Moet nooit kos oop en bloot ten toon stel nie, veral nie op vensterbanke nie.
- Maak dubbel seker dat alle vensters toegemaak en alle deure gesluit is voordat jy uitgaan.









# VOLG 'N OMGEWINGSVRIENDELIKE BENADERING OM VAN "ONGEWENSTES" ONTSLAE TE RAAK

Wanneer mens so na aan die natuur leef, is dit onvermydelik dat jou weë nou en dan sal kruis met dié van 'n knaagdier of 'n paar insekte wat almal iets in gemeen het: Hulle neig om effe lastig te word.

Ongelukkig is dit so dat die meeste produkte wat geredelik op winkelrakke beskikbaar is en aanvanklik bedoel is om uitsluitlik van 'n enkele "ongewenste" gas ontslae te raak, op die ou einde daartoe lei dat alles wat in die boosdoener se spore volg, ook vrek.

Al te dikwels ly die skadeloses bloot omdat hulle iets verorber het wat inderwaarheid vergif is weens mense se onnadenkende benadering tot die uitroeiing van huishoudelike peste en plae.

Selfs daardie gediertetjies wat by riviere en dammetjies boer, is nie meer veilig nie omdat die gevaarlike chemikalieë wat mense gebruik om hul huise skoon te maak en hul tuine in stand te hou, weggesypel het in die grondwater – water wat uiteindelik in die see gaan beland.

Ja, natuurlik wil almal van ons in huis bly wat vlekkeloos en plaagvry is en smag na 'n weelderige, onkruidvrye tuin waar ons na hartelus kan ontspan. Maar aangesien jy besluit het om by die natuur "in te trek", is dit raadsaam om bedagsaam teenoor jou "gasheer" op te tree.

**OM MEE TE BEGIN, DOEN JOU BES OM NIE PER ONGELUK JOU GASHEER SE HOOFGEREG TE VERGIFTIG OF TE BESMET NIE**

- Maak seker dat jy die etikette van alle plaagdoders, onkruiddoders en bemestingstowwe, sowel as huishoudelike skoonmaakmiddels, sorgvuldig bestudeer: As daardie etiket nie duidelik verklaar dat die produk organies en/of eko-vriendelik is nie, vermy dit ten alle koste en gaan jag eerder vir 'n gepaste alternatief. Terloops, organiese/bio-vriendelike produkte is deesdae omtrent oral geredelik beskikbaar. As jy sukkel om 'n produk te vind wat aan jou behoeftes voldoen, oorweeg dit om 'n bestelling via die web te plaas.
- Indien 'n situasie sou ontstaan waar jy geen ander opsie het as om jou op gif te verlaat om van knaagdiere ontslae te raak nie, maak asseblief seker dat jy 'n produk kies wat daarop aanspraak maak dat dit "less toxic to pets" en "nearly non-toxic to birds" is.

**TWEEDENS, OORWEEG DIT OM DIE NATUUR SE NATUURLIKE "PLAAGDODERS" TE NOOI OM OOK DEEL TE HÊ AAN DIE FEESMAAL**

- Rig 'n ope uitnodiging aan uile en vlermuise deur 'n paar gepaste broeikassies op jou eiendom aan te bring. Die verstommende doeltreffende en doelmatige wyse waarop hierdie bere van peste en plae ontslae raak, sal jou asem wegslaan: 'n Enkele Kaapse dakvlermuis verorber, byvoorbeeld, tweeduisend muskiete per nag. Teoreties gesproke, as jy dit duidelik maak dat die vlermuis se "uitgebreide familie" ook welkom is om te kom aansit, kan jy van derduisende muskiete ontslae raak sonder om 'n vinger te lig.
- Insgelyks sal 'n inheemse tuin wat met sorg beplan word, mettertyd sy eie ewewig bewerkstellig wat daarop neerkom dat jy, oor die lange duur, jou al hoe minder op onkruiddoders en bemestingstowwe sal moet verlaat om die gewenste resultate tot gevolg te hê. Totdat jou tuin daardie punt bereik, sorg dat jy slegs omgewingsvriendelike onkruiddoders en organiese kompos in jou tuin gebruik.

***Hulp nodig om jou huis teen lasposte te beveilig of om huishoudelike afval na behore te bestuur?***

Hier volg 'n paar handige skakels na bronne wat dalk insiggewend of van hulp kan wees.

Natuurlik is jy baie welkom om enige tyd by die NVT se kantore om hulp of raad aan te klop. Jy kan ook ons bewarea bestuurder by
+27 (0) 44 531 6820 bel
of 'n e-pos stuur na info@nvt.org.za.

Ons help graag.

Eco-Solutions





# Wie om jou na te wend vir inheemse inspirasie

Uiteraard is die voor die hand liggende antwoord op hierdie vraag, "Die natuur, dommie", maar as die tyd aanbreek om te besluit watter van die reuseverskeidenheid inheemse fynbos, struike en bome die beste by jou leefstyl en doelwitte gaan pas, kan jy dalk skoon die kluts kwytraak bloot omdat daar so baie is om van te kies.

Eers moet jy bietjie mooi gaan nadink oor die mate waartoe jy bereid is om jou buitenshuise ruimte met die natuur te deel: Sal jy verlief neem met die outjies wat reg by jou voordeur aan 'n sappige plant kom knibbel, of sou jy verkies om hulle eerder ter wille van jou kleuters en troeteldiere se veiligheid op 'n veilige afstand te hou? Al gedink hoe vies jy gaan wees as 'n vraatsugtige bosvark keer op keer die bolplante wat jy met soveel liefdevolle sorg gekoester het, omdolwe of as 'n spul bobbejane op een van hul strooptogte die vruggies aan een van jou struike absoluut onweerstaanbaar vind?

Die beste raad is om die hulp van 'n kundige in te roep lank voordat jy die eerste sooi op jou eiendom spit. Gaan besoek gerus die kwekery by die Phil Martin Park, gesels 'n bietjie met 'n verteenwoordiger van die NVBV of maak 'n draai by die NVT se kantore.

Jy sal vind dat almal vir wie die behoud van Nature's Valley as 'n verlengstuk van die Tuinroete- Nasionale Park 'n saak van erns is, altyd bereidwillig is om hulp aan te bied waar en wanneer hulle ook al kan.

Nietemin, maak nie saak hoe jy die beplanning van jou tuin benader nie, onthou altyd dat uitheemse plante nooit, ooit voet aan wal in die vallei mag sit nie.

Inheemse tuine

Plante wat voëls lok

Kus-tuine

Kreatiewe tuine

# Wees 'n verantwoordelike troeteldiereienaar

Honde en katte word deur wilde diere as predatore gesien. Juis daarom kan die blote aanwesigheid van daai bolletjie wol wat nou so rustig op jou skoot lê en spin of daai kwylende bondel energie wat pas weer sy bal pleitend by jou voete kom neerlê het, die wilde gediertes daar buite erg versteur en selfs die hasepad laat kies.

**MINIMALISEER DIE SKADE WAT HONDE KAN BEROKKEN**

- Om mee te begin, omhein 'n klein gedeelte van jou eiendom om te verhoed dat jou hond sy eie koers vat.
- Hou jou hond altyd aan 'n leiband wanneer julle vir 'n stappie gaan.
- Gehoorsaam die hondestap-sones op die strand.
- Wanneer jou hond sonder 'n leiband vrylik in die groen, hondevriendelike sones ronddraf, moenie toelaat dat hy voëls jaag of ander wilde diere lastig val nie.
- Honde word glad nie toegelaat in die Tsitsikamma-gedeelte van die Tuinroete- Nasionale Park nie. Let daarop dat dit die mondings van die Sout- en Grootrivier insluit.
- Maak nie saak waar of wanneer nie, maak altyd agter jou hond skoon. Hondepoefsakkies is by alle ingange tot natuurruimtes in Nature's Valley beskikbaar en geskikte handige vullisdromme is ook vir hierdie doel aangebring.




**MINIMALISEER DIE SKADE WAT KATTE KAN BEROKKEN**

- Katte wat wild geword het hou veral 'n ernstige, ingrypende bedreiging vir die natuurlewe in aangesien hulle voëls, reptiele, paddas en soogdiertjies vang en opvreet.
- Om daardie rede moet huiskatte binnenshuis gehou word en moet die nodige voorsorg getref word om te verhoed dat hulle katvoet kan uitsluip.
- Dos jou kat met 'n helderkleurige beffie of halsbandjie uit sodat die wilde diere hom beter kan sien indien hy dalk sy kans sou waarneem om ongesiens weg te glip.
- Sit jou kat op 'n graanvrye, proteïenryke dieet om sy belustheid in toom te hou.
- Belê in paar prettige speelgoed as 'n kuur teen verveeldheid en ruim altyd 'n tydjie in om elke dag jou kat vir 'n speletjie te nooi.
- Kat-akkies kan siektes en parasiete versprei, maak dus seker dat jy op 'n verantwoordelike wyse van jou kat se "besigheid" ontslae raak.

**Raad nodig oor hoe jy jou troeteldier se impak kan minimaliseer?**

Hier volg 'n paar handige skakels na bronne wat dalk insiggewend of van hulp kan wees.

Natuurlik is jy baie welkom om enige tyd by die NVT se kantore om hulp of raad aan te klop. Jy kan ook vir ons bewarea bestuurder by +27 (0) 44 531 6820 bel of 'n e-pos stuur na info@nvt.org.za. Ons help graag.



katbeffie